# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

REACHING NATIONS

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ / - In 16 Tale / *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XVIII** YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2025 MARCH **No. 09**


**DIE HEILIGE SKRIF**

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.
**PSALMS 19:2-10**

2. Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend.
3, Die een dag gee die berig deur aan die ander en die een nag deel die kennis aan die volgende mee.
4. Sonder spraak en sonder woorde, onhoorbaar is hulle stem.
5. Tog gaan daarvan 'n boodskap uit oor die hele wêreld en hulle taal bereik die uithoeke van die aarde. Vir die son is daar in die hemel 'n tent opgeslaan.
6. As hy stralend begin om sy baan te volg, is hy soos 'n bruidegom wat uit sy slaapkamer kom.
7. Aan die een kant van die hemel kom hy op en aan die ander kant gaan hy onder, en niks ontkom aan sy gloed nie.
8. Die woord van die Here is volmaak: dit gee lewe. Die onderwysing van die Here is betroubaar: dit gee wysheid aan dié wat nog onervare is.
9. Die bevele van die Here dui die regte koers aan: dit bring blydskap. Die gebod van die Here is helder: dit gee insig.
10. Die eise van die Here vir sy diens is goed: dit staan altyd vas. Die bepalings van die Here is reg: elkeen van hulle is regverdig.

# STOMP VAN ISAI!

STUMP OF JESSE!



*Geagte Hoofredakteur, Ds. Angeline Selvakumari*



Ek groet julle, my uitgebreide **Echo of His Call**-familie, in die onvergelykbare Naam van ons Heer en Verlosser, Jesus Christus!

Jesaja 11 is welbekend as 'n profesie oor die bediening van Jesus Christus, en toe ek dit lees het die eerste vers my aandag nogal besonders gegryp:

**'n Takkie sal uitspruit uit die stomp van Isai, 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra** (Jesaja 11:1).

## Die Stomp!

Die woord 'stomp' trek toe my aandag. Wat presies is 'n stomp? 'n Stomp verteenwoordig 'n kort geknipte lewe, 'n skielike einde van 'n florerende bestaan. Dit simboliseer verval, 'n oorblyfsel van iets wat eens gedy het – wat oorbly wanneer voorspoed ophou. Dis 'n prentjie van finaliteit: leweloos, oorgebly, skynbaar sonder 'n toekoms. 'n Stomp teken die einde van wat was, bestem om te verrot en uiteindelik te verdwyn.

*....verv. op.bls. 3*


**Echo of His Call**



*YouTube Christian Channel !*

**Jy sal die geleentheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**Elke dag – From 2.00 vm**


**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

★ Please Subscribe and Share ★

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

REACHING NATIONS

## *van julle geliefde broer...*





### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
HON. MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM., MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Rev. Dr. William Robert, Ph.D., DD, D.Lit.

EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858
95661 31858
E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call

**"Prys die Here ons God. Kom buig in aanbidding voor Hom: Hy is heilig!" - Psalm 99:5**

Geliefdes in Christus,

Die Here het ons genadiglik gelei deur die eerste twee maande van die jaar. Alle heerlikheid, eer en lof aan Hom. Ons dank God vir sy oorvloedige seëninge oor elke aspek van ons bedienings in die Hoofkerk en kantoor.

Ons versoek nederig julle gebede vir ons Tamil **Nehemia Bybelkolleges** in Santhoshapuram, Chepauk and Velachery, en ook die inwoon Hindi **Nehemia Bybelkollege**. In vandag se wêreld word dit al moeiliker om toegewyde persone vir die bediening te kry. Daarom is julle gebede vir toegewyde studente uiters nodig.

Ons maandelikse nuusblaaie word in 16 tale uitgegee en word meestal gratis versprei. Maar belangstelling om gedrukte literatuur te lees is besig om vinnig te taan onder die jonger geslag. Daarom moedig ons julle aan om ons te ondersteun deur **Echo of His Call** by jul familie en vriende bekend te stel sodat ons meer mense kan bereik.

Deur God se genade kan ons daaglikse toewydings van **Echo of His Call** uitsaai op YouTube in Engels, Hindi, Tamil, en Telugu. Daarby word ons Sondagdienste ook lewendig uitgesaai op **Echo of His Call** se YouTube-kanaal. Ons nooi julle om dit te kyk en so geseën te word.

Onthou ook ons **Global Vision for Youth and Kid Care** bediening (GVYKC) in julle gebede. Julle kan ook gratis deelneem in hierdie bediening. Bid net gereeld daagliks om 10:00 n.m. in jou woonomgewing vir die jeug en kinders oor die wêreld. Stel 'n herinnering op jou foon en bid: **"Here, dink aan al die jong mans, vrouens en kinders oral in u wêreld."**

Sedert die begin van hierdie bediening twee jaar gelede het baie deelgeneem en God het hulle ryklik geseën. Laat weet as jy ook wil deelneem.

Ons vra ook vir voorbidding vir die volgende bedienings wat glad verloop deur God se genade:

- **St. Paul Matrikulasieskool**, Evangelie Drukpers, **Bybelkor** (Bybel Korrespondensiekursus) in Tamil, Engels en Hindi.

Ons is diep dankbaar vir julle innige gebede en geldelike ondersteuning. Mag God in sy goeie guns julle ryklik seën!

Julle dienaars in Christus Jesus,

PS. ALEX SAMSON SAM, PS. S. SAM SELVA RAJ
(+91) 98412 71858 / 98410 71858, Epos: sam@echoofhiscall.org

**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) ◘ BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) ◘ YouTube Ministry ◘ Online Courses ◘ Theological Correspondence Courses (2 languages) ◘ Church Planting ◘ Nehemiah Bible Colleges ◘ Gospel Printing Press ◘ Great Commission Partners ◘ St. Paul's Matriculation School ◘ Crusades ◘ Community Development

## VRIENDELIKE AANDAG: ECHO OF HIS CALL LESERS

Ons 5 minute **Echo of His Call** YouTube boodskappe word uitgesaai vanaf 2.00 vm. in Tamil, Telugu, Engels en Hindi (daagliks). Jy kan die genade van God ondervind deur daarna te kyk.

Nog meer, stoor my mobiele nommers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (persoonlik) op jou selfoon.

- Pr. S. Sam Selva Raj

*verv. v. bls. 1*

Hierdie vers verwys na Dawid se koninklike lyn, verkort tot 'n oorblyfsel – 'n stomp. Oorblywendes is die wat toetse deurstaan het, wat teenstand beleef het en bly staan het. Jesaja 11:1 is 'n belofte van wat God vir sy getroue oorblyfsel wil doen: die wat aan Hom vasgehou het in elke storm en op Jesus Christus as fondament bly staan het.

God se plan was dat Dawid en sy nageslag vir altyd op die troon sou wees. Maar die geskiedenis vertel 'n ander verhaal. Ons sien in 2 Konings 24-25 dat Sedekia, die laaste koning van Juda (sy naam beteken "geskenk van God") deur Nebukadneser gevang is en die koninklike gesag van Dawid se linie klaarblyklik beëindig het. Vir byna 600 jaar was daar nie 'n koning in Israel nie.

In hierdie stil tyd lyk dit asof God sy belofte vergeet het. Maar, Hy was nie ontrou nie; Hy het gewag vir sy vasgestelde tyd. Die Israeliete het met groot afwagting uitgesien na die koms van die Koning van die Jode. En toe, in die volheid van die tyd, verklaar God dat 'n takkie sal uitspruit uit Isai se stomp.

### Die Loot!

Hoe kan daar lewe kom uit 'n dooie stomp? Dit lyk onmoontlik. Maar met God kan selfs die mees hopelose situasie weer lewe. Wat gelyk het na die einde van Israel – sy magtige koninkryk afgetakel tot 'n lewelose oorblyfsel – het die verhoog geword waar God se belofte vervul sou word deur die geboorte van Jesus Christus.

Die Israeliete het 'n magtige en sterk Messias verwag wat hul verdrukkers sou verslaan, maar Jesus kom toe in nederigheid, gebore in 'n stal. God se beloftes ontvou soms op verrassende anderse maniere. Sy planne is altyd perfek.

Uit Isai se stomp het 'n loot gegroei – 'n teken van nuwe lewe, hoop en herstel.

### Nadenke oor die Loot!

Ons kan die Engelse "shoot" (loot) as 'n letter-vers gebruik om die loot uit die stomp te oordink:

### S → 1. SOURCE OF PROMISES!

Ons God is die God van beloftes. Hy maak verbonde en hou altyd sy Woord. Wanneer ons fondament gebou is op sy beloftes, is ons meer as oorwinnaars omdat sy beloftes altyd JA en AMEN is in Jesus Christus. God vergeet nooit sy beloftes nie. Hy vervul almal, selfs in onverwagte seisoene, want Hy is algeheel betroubaar.

Hy het sy belofte aan Dawid gehou: **"Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan."** (2 Sam 7:16).

Vir 'n rukkie het dit gelyk asof Hy sy belofte vergeet het, want daar was nie 'n opvolger vir Dawid se lyn op die troon nie. Maar, 'n takkie het uit die stomp gegroei en God se belofte op 'n onverwagte oomblik vervul.


**Statement about ownership and other particulars about the Newspaper Echo of His Call (Afrikaans) - Form IV (See Rule 8)**

1. Place of Publication : **New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai - 600 005.**
2. Periodicity : **Monthly**
3. Printer, Editor, Owner & Publisher : **S. Sam Selva Raj** (Same Address)
4. Nationality : **Indian**

I, **S. Sam Selva Raj** hereby declare that the particulars given above are true to the best of my knowledge and belief.

**March 2025** **S. Sam Selva Raj.**



**God het belowe : Abraham se nageslag sal so talryk as die sterre wees!**

**... Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het.”** (Genesis 28:15).

In Genesis 22 beloof God aan Abraham dat sy nageslag so talryk soos die sterre sal wees. Maar sy geloof is getoets toe God hom vra om Isak, die belofte-kind, vir Hom te offer. Maar net toe Abraham die mes oplig het God die plaasvervanger onthul. Hierdie verhaal demonstreer dat God vertrou kan word met sy beloftes, selfs wanneer omstandighede dit onmoontlik laat lyk.

Jy mag vandag sy beloftes opeis!

## H→ 2. HOPE RESTORED!

Jesus Christus se boodskap is een van hoop – hoop vir elkeen, ook in hopelose situasies. Oral in die wêreld worstel mense wat hoop verloor het in verhoudings, geld, toekoms, werk en veral in hulself. Die goeie nuus is dat Jesus Christus weer hoop gee vir lewelose omstandighede.

Soos 'n loot uit 'n dooie stomp kan groei, kan Jesus Christus 'n lewelose omstandigheid omkeer in 'n bron van nuwe lewe. Een van die sentrale boodskappe van Jesus se geboorte is juis HOOP. Die stomp, eens dood en verby hoop, sal 'n loot laat uitspruit, 'n nuwe lewe!

Hierdie stomp wat eens 'n groen boom met blomme, blare, voëlneste in die takke, skaduwee en beskerming was, is nou gebreek, leeg, dood. Dit lyk nutteloos, sonder waarde, reg om te begin verrot. Maar tog, uit hierdie verlatenheid kom 'n takkie, 'n nuwe takkie vol lewe.

Tydens 'n kwaai hongersnood het Zarephath se weduwee houtjies opgetel om 'n laaste ete vir haar en haar seun te berei. Op Elia se versoek het sy die laaste bietjie meel en olie gebruik om vir hom 'n broodjie te bak. En wonderbaarlik het God toe gesorg dat haar meel en olie vir drie jaar lank nie opgeraak het nie.



**Zarephath se weduwee versamel hout!**

Hierdie verhaal in 1 Konings 17:7-16 wys hoe God hoop en versorging herstel in totaal desperate omstandighede, soos die takkie uit die dooie boomstomp.

Hoe hopeloos jou omstandighede mag lyk, vertrou Jesus. Hy is die bron van beloftes en nuwe hoop.

## GOD SE HERSTEL EN NUWE BEGIN!

**God vernuwe hoop:**

Hy kan in ons lewens ook so doen soos vir ander, hopelose situasies omkeer in bronne van blydskap en herstel. Soos die weduwee haar probleme voor God se voete gelê het moet ons ook ons laste oorgee aan Jesus. As ons alles vir Hom gee, verander Hy ons sorge in vreugde en gee nuwe hoop. Selfs die hoop wat ons dink verlore is kan Hy vernuwe in sy Naam.

## O→ 3. OVERCOMER OF LOSS!

Ons is nie geroepe om slagoffers van omstandighede te bly nie, maar om op te staan as oorwinnaars. Hoe die jaar ook al vir jou verloop het of die bagasie van die verlede jou nog druk, onthou: Jesus Christus herbou wat gebreek of verlore is. Hy het ons versoen met die Vader want Hy is die God van herstel en versoening.

Wat jy ook al verloor het – deur ongehoorsaamheid, sonde of afstand van God – Hy kan dit herwin. As Jesus ons verhouding met Vader herstel het deur sy offer, hoeveel te meer sal Hy ander aspekte van ons lewens herstel? Jesus Christus het gekom om te sterf sodat ons met God versoen kon word. Wat jy ook al verloor het, eis volgens sy belofte en vertrou Hom om dit te herstel.

As God lewe kan gee in 'n dooie stomp, soveel te meer kan Hy vir jou en my doen! Dink na oor Job se verhaal in Job 42: Hy het alles verloor – kinders, rykdom, gesondheid. Tog het hy te midde van alles getrou gebly. Op die ou

*....verv. op.bls. 6*

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)



## GEBEDSPUNTE - 2025 Maart 19 Tot 2025 April 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## Prys God ...

**Maart 19** ➲ Vir seën oor ons Gebedsvennote, Geloofsvennote, Lewensvennote, Ingeskrewe vennote, Groot Opdrag-vennote en hul gesinslede.

**Maart 20** ➲ Vir die sendelinge en hul gesinne wat betrokke is in God werk in afgeleë plekke.

**Maart 21** ➲ Dat Hy voorsien het in die behoeftes van mense wat wêreldwyd betrokke is in die druk van Bybels en Christelike leesstof.

**Maart 22** ➲ Dat Hy ons voorsien van vennote wat ons bedienings ondersteun met geld te midde van hul eie behoeftes.

**Maart 23** ➲ Vir ons **Echo of His Call** mede-redakteurs en hul gesinne.

**Maart 24** ➲ Vir seën oor ons Senior Pastoor, S. Sam Selva Raj en sy gesin met goddelike beskerming en goeie gesondheid.

**Maart 25** ➲ Dat Hy geldelike en gebedsondersteuning voorsien vir sendelinge.

**Maart 26** ➲ Vir al die aksies van ons **St. Paul Matrikulasieskool**, **Nehemia Bybelkollege** en **Teologiese Korrespondensiekursusse**.

**Maart 27** ➲ Dat Hy die wêreld seën met skole deur sendelinge gestig op suiwer Christelike beginsels.

**Maart 28** ➲ Vir sy oorvloedige seën op ons toewyding in die Tydskrifbediening sedert 1969.

**Maart 29** ➲ Dat Hy ons seën met nuwe inskrywers vir die **Echo of His Call** YouTube-kanaal.

**Maart 30** ➲ Vir seën oor ons **Global Vision for Youth and Kid Care**-bediening.

**Maart 31** ➲ Vir seën oor ons Staat Koördineerders en hul gesinne.

**April 01** ➲ Vir Goddelike beskerming oor alle lande, veral te midde van wanorde en vrees vir oorlog, terwyl ons vra vir vrede en stabiliteit.

**April 02** ➲ Dat Hy ons Christen-bedienings help groei te midde van politieke en godsdienstige teenstand.

## Bid asseblief vir ...

**April 03** ➲ Vir ons Senior Pastoor se toewyding om die Evangelie te versprei deur verskeie bedienings.

**April 04** ➲ Ons **St. Paul Matrikulasieskool** se standerd 10 studente wat vir hul Goewerment-eksamen verskyn.

**April 05** ➲ Die toelating van verdienstelike studente tot ons Inwoon- en Aandklas Nehemia Bybelkollege vir die 2025-26 akademiese jaar.

**April 06** ➲ Ons Senior Pastoor, S. Sam Selva Raj, dat God hom sal seën met nuwe visies vir sy veelvuldige bedienings.

**April 07** ➲ Die beskerming van kinders en jeug teen verslawing aan dwelmmiddels.

**April 08** ➲ Beskerming van kinders en jeug teen wêreldwyd toenemende slegte gewoontes.

**April 09** ➲ Die toelating van nuwe studente tot ons **St. Paul Matrikulasieskool** vir die 2025-26 akademiese jaar.

**April 10** ➲ Die uitroeiing van kinderhandel oor die wêreld.

**April 11** ➲ Herlewing in kerke wêreldwyd.

**April 12** ➲ Die Presidente, Eerste Ministers, Hoofministers en Parlementslede van alle nasies.

**April 13** ➲ Die jeug en kinders van die wêreld dat hulle Jesus Christus sal ontvang as hul persoonlike Verloser.

**April 14** ➲ Die mense van die wêreld se behoeftes.

**April 15** ➲ Eenheid, groei en vrede in alle aspekte en beplanning van alle lande.

**April 16** ➲ Ons ondersteuners, goedwilliges en vriende wat ons bedienings hoog hou deur gebed en geldelike ondersteuning, dat hulle versterk en geseën sal word.

**April 17** ➲ Ons Goeie Vrydag- en Opstandingdienste in ons Hoofkerk en Dogtergemeentes.


**April 18** ➲ Die beëindiging van die globale ekonomiese resessie wat verligting sal bring vir almal wat geraak word.

*verv. v. bls.4*



**God het alles vir Job herwin!**

end het God alles vir hom herwin, hom selfs twee maal soveel gegee as wat hy gehad het. Dit wys dat God oorvloedig kan seën selfs na ondenkbare verliese.



**Dawid het alles teruggekry!**

So het Dawid alles verloor teen die Amalekiete (1 Samuel 30). In plaas van wanhopig raak, het hy hom versterk in die Here en alles teruggekry. Mag die Here vir jou herwin, alles wat jy verloor het ... Alles!

## 4. OPENER OF NEW BEGINNINGS!



Die Bybel verseker ons God het 'n plan vir elkeen – 'n plan om vir ons hoop en toekoms te gee. Ons is in sy handpalms gegraveer. Tog kan die lewe soms onverwagte draai loop wat ons verlore kan laat voel langs die pad.

Die prag van Jesus Christus is dat Hy die God van tweede kanse is. Selfs wanneer ons fouteer kan Hy iets besonders skep uit ons gemors. Romeine 8:28 sê mos: **God laat alles ten goede meewerk vir die wat Hom liefhet.**

Hy maak nuwe deure oop vir nuwe begin. Ek bid dat wanneer jy hier lees, nuwe geleenthede sal opkom, nuwe vertrekpunte in jou lewe. Jesus Christus het gekom om vir ons doel en lewe in oorvloed te gee. Gee jou lewe vir Hom in gebed en Hy sal alles nuut maak.

God skep lewe waar daar niks is nie, Hy verander hopeloosheid in 'n nuwe begin. 'n Takkie – simbool van nuwe lewe – sal groei



**Esegiël sien 'n visioen van 'n vallei vol droë bene!**

uit die stomp wat dood gelyk het. God het die mag om lewe te gee in lewelose plekke. Esegiël 37 herinner ons om met die dooie beendere te praat; hulle sal weer lewe. Spreek lewe in elke dooie situasie, want dit is die belofte van Jesus se geboorte.

Esegiël het 'n visioen gesien van 'n vallei vol droë bene. Toe hy op God se bevel vir hulle profeteer het die bene bymekaar gekom, is bedek met vleis en het asem gekry, en so 'n groot leërmag geword. Hierdie kragtige uitbeelding van herlewing en vernuwing verseker ons dat God selfs in die mees verlate en lewelose plekke nuwe begin kan gee.

'n Takkie uit 'n stomp! Hy roep dinge wat nog nie bestaan nie om daar te wees. Romeine 4:17

**NEHEMIAH BYBELKOLLEGES**

Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.

Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër

HAAS JOU VIR TOELATING!

Medium : Tamil (Part Time) Hindi (Residential) (Sponsorship Available)

Diploma in Theology

Bid asb. vir

Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 55 jaar

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

verklaar: **... God wat dooies lewend maak en dinge wat nie bestaan nie, tot stand bring deur sy woord.** En ook: **Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, ...** (Efesiërs 3:20).

Moenie hoop verloor nie! 'n Nuwe begin wag vir jou. As jy glo sal jy die heerlikheid van God sien. Vertrou Hom, want Hy is nie beperk nie. Selfs wanneer onoorkomelike uitdagings voor jou lê kan Hy nog steeds die onmoontlike doen.

## 5. THE TRUE VINE!

Jesus Christus, die Ware Wynstok, laat ons oorvloedig lewe en vrug dra vir God se heerlikheid. Ons moet Hom vertrou vir vrugbaarheid. Jesus het na die wêreld toe gekom dat ons God se kinders kan word en vrugte dra vir sy Koninkryk. **Sonder Hom kan ons niks doen nie** (Johannes 15:5).

Die takkie simboliseer vrugbaarheid, groei en oorvloed. As volgelinge van Jesus Christus is ons geroep om vrug te dra sodat die Vader in die hemel verheerlik kan



**Die wat in Hom bly dra veel vrug en verheerlik die Vader!**

*....verv. op.bls. 9*


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.

**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**

**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**

**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

... wie op die Here vertrou, met hom gaan dit goed - Spreuke 16:20

Na die eerste paar jaar van my bediening het ek baie nuuskierig word oor hoe Christen-bedienings in ander lande werk, hoe hulle hul geestelike lewens voed, en hoe die bedienings bestuur word onder daardie nasies. Maar toe het ek self nog geldelik kort gekom, ook aan openbare ondersteuning en selfs voldoende geestelike gawes.

Tot my eie verbasing het ek die moed gehad om in my 1989 dagboek te skryf dat ek Maleisië in Augustus daardie jaar sou besoek. Ek het gou daarvan vergeet vir omtrent drie maande lank. Op 'n dag het ek weer in die dagboek gekyk en van my plan onthou. Toe ek besef die datum van die verwagte besoek was om die draai, het ek die saak voor die Here gebring in gebed en sy Woord vertrou: **Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.** (Filippense 4:6).

Dae het weke word, maar niks het gebeur nie. In my hart het ek geweet ek kon nie oorsee reis nie, maar my geloof in God het standvastig gebly. In daardie tyd het ek 'n broer ontmoet wat gereeld Maleisië toe gereis het vir bediening. Ek het my verlange met hom gedeel en hy het my aangemoedig om hom in Chennai te besoek vir verdere leiding.

Die volgende dag is ek na sy huis toe. Ongelukkig was hy besig en vra toe dat ek die volgende dag sou kom. Hierdie patroon het langer as 'n maand aangehou. Elke besoek het tyd en geld gekos, en ek het besef hy wil nie help nie. Uiteindelik het hy reguit gesê: "Jy kan nie Maleisië toe gaan nie. Net begaafde en vaardige mense soos ek kan daar bedien. Niemand in Maleisië sal jou aanvaar nie. Moet my nie weer besoek nie."

Ondanks hierdie ontmoediging het ek nie hoop verloor nie. Ek het bly bid en geduldig gewag dat God sy wil bekend maak. Twee weke later het ek briewe in my kantoor gesorteer en 'n brief uit Maleisië gekry. Dit was van Pastoor Devarajulu wat daar bedien het. Sy woorde was:

***My geliefde broer in Christus, Br. Sam Selva Raj,***

***Ek is lief vir boeke. Vandag het ek 'n winkel besoek wat ou boeke verkoop, en daar kry ek 'n ou gehawende kopie van jou Echo of His Call tydskrif. Toe ek dit lees praat die Here met my. Stuur asseblief vir my jou vorige uitgawes; ek sal die posgeld betaal. Ek wil jou ook graag persoonlik ontmoet. Ek sal jou reiskoste, kos en verblyf ook betaal. Kom asseblief na Maleisië. En verder sal ek reël dat jy in Singapoer en Indonesië bedien. Ons benodig dienaars van God soos jy. Antwoord asseblief dadelik.***

***Met liefde,***
***Pastoor Devarajulu.***

Ek was oorweldig deur God se getrouheid. Ek kon Maleisië in Augustus besoek soos ek in my dagboek geskryf het, deur Pastoor Devarajulu se uitnodiging. Ek het ook na Singapoer en Indonesië gereis waar ek gepreek het vir honderde mense en die boodskap van verlossing van sonde, vloeke en armoede deur Jesus Christus gedeel het. God het my nie net geseën met die geleentheid om te bedien nie, maar my ook toegelaat om blywende vriendskappe te vorm met verskeie bedienaars van God in daardie lande, vriendskappe wat vandag nog aangaan.

Sedertdien het die Here my bediening uitgebrei dat ek ook sy Woord kon preek in Suid-Afrika, Amerika, Engeland, Skotland, Frankryk, Duitsland, Switserland, Kanada, Australië en Sri Lanka. Duisende het die boodskap van verlossing deur Jesus Christus gehoor.

Vandag ontvang ek talle uitnodigings om in verskeie land te bedien, maar ek het nie tyd om almal te aanvaar nie. Wonderlike seën van God in my lewe!

Liewe leser, die Here Jesus Christus wat ek dien is die enige ware God. Hy is die weg, die waarheid en die lewe. Vertrou Hom. Gee jou lewe vir Hom. As jy voel jy is geroep om Hom te dien, volg dit op in geloof. Hy sal jou lei op ongewone maniere en jou oorvloedig seën.

**"Hy wat rots in waterkuile verander, harde klip in fonteine** (Psalm 114:8).

************

*verv. v. bls.7*

word. Jesus Christus het sy dissipels geleer dat Hy die Ware Wynstok is en hulle die lote. Hy het hulle bemoedig om in Hom te bly, want weg van Hom kan hulle niks doen nie. Die wat in Hom bly dra veel vrug en verheerlik die Vader (Johannes 15).

Hierdie waarheid weerkaats die gedagte van groei en vrugbaarheid deur vertroue op Jesus, die Ware Wynstok.

My gebed is dat jy sal nadink oor Jesaja 11:1. God sal 'n nuwe takkie in jou lewe bring, in jou gesin, jou bediening en jou werkplek. Hierdie klein maar belangrike takkie sal verandering en vernuwing bring.

Ek bid dat hierdie nuwe begin nog hierdie jaar in jou lewe sal kom. Mag jy vertrou in die Bron van alle hoop, wat elke verlies sal herstel en nuwe prag uit die as sal bring. Hy is die God van herstel, die Een wat deure oopmaak vir 'n nuwe begin.

Ek bid ook dat hierdie jaar 'n jaar van vernuwing en vrugtevolheid sal wees in elke aspek van jou lewe. Bly in Hom en ervaar vermenigvuldiging, groei en oorvloed. Vertrou Hom en dan sal jy baie vrug dra tot eer van die Vader.

*******

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges Drie (Aand / Residensiëel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 9.00 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9.00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

## ONMIDDELLIK BENODIG

**Salaris volens kwalifikasies en ondervinding.**

**ECHO OF HIS CALL brei vinnig uit. Ons benodig sending bewuste, toegewyde en getroue mans en vroue kandidate vir die volgende posisies:**

- Voltydse Hulppastore vir ons Hoofkerk
- Voltydse Hulppastore vir ons sustergemeentes in Chennai
- Voltydse veiligheidspersoneel
- DTP Operateurs en tikkers
- Vaardig in praat en skryf in Engels en ander tale
- Kantoorbestuurders wat belangstel in Administrasie
- Voltydse lektore vir Bybelkolleges

**Bid asb. vir**

- Vrywilligers wat ons bedienings kan bekendstel en bevorder
- Hon. Co-ordinators to serve in Editorial Board of **Echo of His Call**
- Voltydse voertuigbestuurders
- Hoof en Onderwysers vir die Matrikulasieskool
- Voltydse kokke (vroulik)
- Voltydse huishoudelike werknemers

Please Contact
**ECHO OF HIS CALL** office (OR) Doen aansoek by
whatsapp nommer : 98412 71858, E-pos : sam@echoofhiscall.org

RNITCNO.TNAFR/2007/21215

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th MARCH 2025
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

## *JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**